LAEVELD AGROCHEM

2017 Uitblinkers

Bernard Rabe van Fochville

Grootse Mielie-opbrengs 2017

Bernard Rabe van Fochville, Gauteng is een van Laeveld Agrochem se uitblinkers van die jaar. Bernard het in 2017 die grootste mielie- en soja opbrengs gelewer in die Wes-streek. Hy het ook hierdie gesogte titel in 2016 verseker met sy mielies wat aangewys was in die eerste plek en sy sojabone wat hom die tweede plek laat beklink het.

Bernard sê dat sy Laeveld Agrochem-agent, Abrie Coetzee hom aangemoedig het om in te skryf. **Hy voeg by dat Laeveld Agrochem hom bygestaan het in sy sukses met mededingende pakkette, spesialis aanbevelings en persoonlike aandag wat help om beter resultate te verkry jaar-na-jaar.**

ANDER UITBLINKERS

AC van Wyk van Bultfontein
Graan SA se Boer van die Jaar

Charles Back van Fairview
Wes-Kaap Boer van die Jaar

Nico Wagner van Tolwe

Syngenta Aartappelboer van 2017

Nico van die Wilnick Boerdery in Tolwe is in 2017 aangewys as Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar.

Die volgende word in ag geneem vir die toekenning: Volgehoue prestasie oor 'n drie jaar periode in terme van prys, kwaliteit (Prokon data), opbrengs asook prestasie in vergelyking met die gemiddelde prestasie van die streek.

Daar word ook fisiese evaluasie op die plaas deur onafhanklike deskundiges gedoen en vier hooftemas word gedek, naamlik: Produksie Aktiwiteite (35%), Bemarking (25%), Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (20%) en Finansiële Beplanning en Prestasie (20%).

"Hierdie prestasie beteken vir my baie en dit is 'n groot eer en voorreg om net genomineer te kon word". Alhoewel Nico baie trots is op hierdie prestasie sien hy dit ook as 'n goeie geleentheid om te kan groei: "Dit is baie belangrik om jouself te meet teenoor ander boere en boerderye, dit is hoe mens maar leer en bereken of jy op die regte spoor is".

Nico bedank vir Laeveld Agrochem en Callie Engelbrecht vir hulle bydrae tot sy sukses: **"Laeveld Agrochem bied goeie professionele diens en het uitstekende kundiges op elke gebied. Hulle kommunikasie is goed en hulle is aan die voorpunt van die nuutste tegnologie en produkte op die mark. Saam met Laeveld Agrochem kan mens vooruit boer."**

JP van den Berg van Tosca

Moerkweker van die Jaar 2017

JP van den Berg van Buttermere Boerdery in Noordwes, is as Bayer Aartappel-Moerkweker van die jaar aangewys. JP se vorige prestasies sluit in: 2014 wenner, 2015 finalis, 2016 wenner.

Vir JP is dit 'n voorreg en persoonlike uitdaging om deel te neem. Hy vertel dit bied geleentheid om baie mense te leer ken, en dat jy jouself kan meet om te evalueer of jou produk voldoen aan die vereistes van die mark.

JP sê daar is baie faktore wat 'n rol in enige tipe boerdery speel: "Sekere goed moet jy eenvoudig doen en dit is die goed wat beheerbaar is. Die ander is buite jou beheer en dit moet jy so goed as moontlik bestuur. Hoe meer faktore jy korrek doen, en bestuur, hoe groter jou kans om vooruitgang te behaal."

"Laeveld Agrochem het daartoe bygedra dat ek my spuitprogram kon saamstel, wat maar een van vele faktore is, hulle bied kundigheid, navorsing asook betroubare en tydige ondersteuning. Wanneer die klimaat skielik verander en daar aanpassings gemaak moet word, is dit gerusstellend om te weet jou produkte wat jy benodig sal betyds by jou wees en dat die kwaliteit reg is. Dankie oom Hannes de Wet vir die aanbevelings, raad, kalmte en moed inpraat."

Paul Malindi of Edenville

Potential Commercial Farmer of 2017

Paul Malindi from the farm Dankbaar, near Edenville in the Free State, was the first farmer to take the award in this new categegory.

The Grain SA/Monsanto Potential Commercial Farmer of the Year is a new category in this year's competition, where farmers who have access to more than 100 ha of arable land, but despite currently not being able to use all the available land, are in a position to become 250 Ton New Era Commercial farmers. Paul planted 180 ha maize and 140 ha sunflower this season on his 440 ha farm that he obtained through the Proactive Land Acquisition Strategy (PLAS) programme.

Using the knowledge he obtained from training courses, his study group (that he was a founding member of) and farmers' days, he applies a hands-on approach on his farm.

Laeveld Agrochem representative, Fires van Vuuren is very proud of his client and says Paul is eager to learn and it shows that hard work pays off.